Maart 2024

# NADERE BESONDERHEDE
# WESKUS-, BLOMME- & CEDERBERG-TOER
## 19 – 26 Augustus 2024

**PRYS:** **R18 430 plus R350 vir fooitjies**

**INGESLUIT BY DIE TOERPRYS:**

- Opwindende bustoer van Kaapstad na Weskus en terug
- Vyf nagte verblyf in die pragtige Yellow Aloe-gastehuis in Clanwilliam van waar daaglikse uitstappies onderneem word o.a. met 'n geleentheid om blomme te sien.
- Twee nagte verblyf in Jacobsbaai
- Twee etes per dag
- Besigtigingstoere en uitstappies in die dorpe wat ons besoek
- Besoek die Cederberg se rotstekeninge en rotsformasies
- Nieuwoudtville se veldblomme
- Lambertsbaai se voëleiland met duisende malgasse en duikers
- Middagete by die opelug-strandrestaurant, die Muisbosskerm
- Besigtig blomme in die Biedouwvallei
- Besoek aan die Weskus Nasionale Park
- Gekwalifiseerde, Suid-Afrikaanse toergids wat die groep vergesel

**NIE INGESLUIT BY DIE TOERPRYS NIE**

- Vlugte na en van Kaapstad. Kontak gerus vir Benita by benita.venter1@gmail.com vir binnelandse vlugte. Tel: 072 935 3679
- Fooitjies vir busbestuurder en gastehuispersoneel. U betaal dit vooraf aan ons sodat u nie u sakgeld gedurende die toer daarvoor hoef te gebruik nie. Die fooitjies beloop ongeveer **R350.00**
- Reisversekering, wat o.a. kansellasiedekking insluit en waaroor u later volledige besonderhede sal ontvang
- Middagetes (tensy die toerprogram middagete in plaas van aandete insluit)
- Bybetaling vir enkel-akkommodasie (indien van toepassing): Sien ENKELVERBLYF
- Persoonlike uitgawes soos telefoonoproepe, aandenkings, drankies en ekstra verversings.

**ENKELVERBLYF**

Toerlede kan enkelverblyf kry, mits hulle bereid is om 'n bedrag by te betaal.

**Enkelverblyf:** R4 600 per persoon. Die bybetaling is vir die **enkelgebruik van 'n dubbelkamer**.

**BEREKENING VAN TOERPRYS**

Die toerprys bestaan hoofsaaklik uit die koste van die landreëlings soos busvervoer, akkommodasie, etes en toegange soos op program aangedui

'n Inskrywing is geldig wanneer ons u deposito ***tesame*** met die Inskrywings- en Vrywaringsvorm ontvang het. Die Inskrywingsvorm moet volledig voltooi word met u ***volle name soos dit in u ID verskyn!***

**TOERDEPOSITO**

Die toerdeposito van **R2 000 per persoon** is met inskrywing betaalbaar. Die deposito is nie terugbetaalbaar nie.

**FINALE BETALING**

Die volle toerprys plus alle ander geld (fooitjies, versekering, ens.) vir die toer moet vóór 19 Mei betaal word. Indien u ná 19 Mei inskryf, moet u die volle toerprys betaal sodra u die omsendbrief met die Verdelingsvorm (rekening) kry.

**WYSE VAN BETALING**

- **Bankdeposito/EFT:** Word d.m.v. 'n bankdeposito of elektroniese oorplasing aan *CvW-Toere* gemaak.
- **Kontantinbetalings:** Alle geld wat in banknote inbetaal word, moet die ekstra kontantinbetalingskoste insluit. Vra asseblief u bank hoeveel dit beloop (ongeveer **1% van die inbetalingsbedrag** kan hiervoor begroot word). *CvW-Toere* ontvang ongelukkig nie kontantbedrae van toerlede nie.

**Bankbesonderhede**:

**Christine van Wyk-Toere**
**Standard Bank Tjekrekening** (Lopende rekening / *Current account)*
Takkode: **051001**
Tjekrekeningnommer: **410 722 782**

**NB: Gebruik u voorletters en van as verwysing met betalings** (nie die toer se naam / u noemnaam nie).

**KANSELLASIES**

Indien u genoodsaak is om u toer te kanselleer, geld die volgende voorwaardes:

**Terugbetaling**

Die deposito is ongelukkig nie terugbetaalbaar nie.

Sodra die nodige reisversekeringspolis wat vir kansellasiedekking voorsiening maak, uitgeneem is, kan u, indien u moet kanselleer, u geld van die versekeringsmaatskappy terugeis. Dit geld slegs indien die rede vir kansellasie kragtens die polis aanvaarbaar is. Volledige besonderhede oor reisversekering word gestuur aan almal wat vir die toer inskryf.

**Indien die toer weens omstandighede buite ons beheer, nie kan plaasvind nie, sal die toer na 'n latere datum uitgestel word. U sal die opsie hê om die toer uit te stel sonder verlies van u deposito.**

**OMSENDBRIEWE**

Nadat ons u inskrywing ontvang het, sal ons d.m.v. e-posomsendbriewe met u kommunikeer, onder andere in verband met klere wat u moet saamneem, inligting oor versekering, finale betaling van die toerprys, vertrekreëlings, ens. ***Laat weet ons asseblief indien enige van u kontakinligting soos adres, e-posadres of telefoonnommer(s) verander het.***

**GESONDHEID EN TOERFIKSHEID**

Dit is vanselfsprekend dat iemand wat wil reis se fisieke en emosionele gesondheid van só 'n aard sal wees dat hy/sy redelik onafhanklik oor die weg kan kom.

Toerlede wat nie onafhanklik oor die weg kan kom nie, moet 'n toermaat/familielid saamneem wat hulle kan help en na hulle kan omsien sodat hulle nie heeltyd van medetoerlede afhanklik sal wees of die groep se belange op enige manier benadeel nie.